TONI VAN ZYL

Financial Services/ Finansiële Dienste

21 Erica str, Gordon's Bay/Baai, 7140 CC/BK 97/20955/23

021-856 2100/ 40

021-856 4581

tonis@yebo.co.za

Desember 2009

Liewe Kliënte,

2009 is weer op ‘n einde – wat ‘n interessante jaar: Daar was lig aan die einde van die tonnel vanaf die tweede kwartaal met rentekoersverlagings en aandele wat styg.

Net ‘n terugblik op ons eie bedrywige jaar:

Die jaar het hartseer begin toe ons gehoor het van twee van ons gewaardeerde kliënte wat einde 2008 oorlede is. Ons simpatie met die naasbestaandes.

Ons is dankbaar dat ons prokureurs kon help met die flinke afhandeling van die boedels om sodoende die finansiële druk te kon verlig van die naasbestaandes. Baie dankie Werner van Visagie, Vos & Vennote. Ons het self die versekeringseise hanteer. Dankie vir die produkverskaffers vir die spoedige uitbetaling van die eise.

‘n Paar bestaande en nuwe kliënte het aftrede bereik en ons versoek om hulle pensioengeld te bestuur. Welkom aan die nuwe kliënte en aan al die pensioenarisse: baie dankie vir die ondersteuning en voorspoed met hierdie fase van julle lewens.

Korttermynversekering

Ongelukkig is misdaad deel van ons lewens. Ons het baie diefstaleise gehad – in sekere ekstreem gevalle is bakstene uit mure verwyder en huise leeg gesteel. Maak seker waardevolle items is verseker en dat julle nie onderverseker is nie. Vir eise skakel die maatskappye direk of kontak vir Elmarie by ons kantoor.

Ons kantore sal gesluit wees tussen 19 Desember en 3 Januarie. Tydens hierdie tydperk kan julle direk die maatskappye bel om eise te registreer:

Kontaknommers vir korttermyn eise

Mutual & Federal kliënte	Tel: 021-401 6911 (Eise)
	Tel: 021-808 5500 (Navrae)
Santam	Tel: 0860 726 826 (Alle navrae en wysigings)
	Tel: 0860 122 334 (Alle eise en navrae aangaande eise)

Ongelukkig was daar gedurende die jaar ‘n paar gevalle van ernstige siektes. Ons dink spesifiek aan die Lusted-, Fox-, Hendricks- en Werthfamilies. Ons wens aan julle spoedige beterskap.

Die ernstige siekte voordeel wat die maatskappye beskikbaar het is van onskatbare waarde in tye van nood. Kontak ons gerus om seker te maak dat jul gevreesde siektedekking voldoende is.

Masthead, ons voldoeningsbeampte, het deurlopend die jaar praktykbestuur en voldoening by ons kantore hanteer. Dit verseker dat ons kliënte effektief en volgens wet gediens word.

Workpool, ons elektroniese dagboekstelsel, is ‘n paar keer hierdie jaar opgradeer in ons kliënte se belang.

Lewens- en ongeskiktheidseise

Ons is gemaklik met die produkverskaffers se produkte wat ons bemark. Sekere kliënte het ook polisse by maatskappye wat ons self nie kontrakteer nie. Ons het 12/10/2005 ‘n ongeskiktheidseis by Regent Life/ S.A. Home Loans vir ‘n kliënt geregistreer. Die eis is eers 4 jaar later, September 2009 uitbetaal, nadat ons twee keer die ombudsman se hulp moes inroep. Maak seker julle verstaan en vertrou die maatskappye by wie julle jul risiko plaas. Indien julle enigsins twyfel oor die versekering wat julle tans het, kontak ons gerus sodat ons saam met julle daardeur kan werk.

Toni en Elmarie het in September van ons plattelandse kliënte besoek: Ons was eers in Fraserburg, Willowmore en toe Port Elizabeth. Ons het met die bakkie gery en vanaf Willowmore via die Baviaanskloof na Port Elizabeth gegaan. Die natuurskoon is ongelooflik. Dankie vir die wonderlike plattelandse gasvryheid.

Ons kantoor het in Oktober ‘n naweek gaan ontspan by The Baths, Citrusdal.

Belastingaanslae

Ons het in November die laaste aanslae elektronies ingedien. Ons moes sekere kliënte herinner, maak asb. seker julle stuur julle inligting betyds vir ons.

Stuur ook asb. in die toekoms ‘n opsomming van julle mediese uitgawes en hou die strokies vir 5 jaar (volgens S.A.R.S. se regulasies). Die afhandelinge van die aanslae het meestal vlot verloop, behalwe met sekere uitsonderings. Onder andere het S.A.R.S. nie die belastingvrye gedeelte van vorige staatsdienspensioenfondse in berekening gebring nie. Dit is egter nou uitsorteer.

Motortoelae/ reisuitgawes

Belangrik: Let daarop dat vanaf 1 Maart 2010 moet ‘n ritboek gehou word vir enige werklike besigheidsuitgawes. Herstruktueer julle salarispakkette as julle nie meer julle voertuie vir besigheid gebruik nie.

Ons het nie voorheen B.T.W. op maandelikse fooie gehef nie. Ons rekenmeesters het aanbeveel dat ons dit in die toekoms doen so daar sal geringe verhogings wees. Kontak ons gerus as daar enige navrae aangaande bogenoemde is.

Antoni het sy RFP3 (Registered Financial Planning) studies suksesvol voltooi. Antoni spesialiseer in behoefteontledings (F.N.A.’s) en diens ons kliënte daarvolgens.

Ons is baie verheug dat klein Lea Smit so goed vorder na aanvanklike komplikasies met haar geboorte.

Ons dink spesifiek aan al die families wat geliefdes verloor het, maar ook aan dié met ernstige siektes en wat operasies moes ondergaan. Alle voorspoed en spoedige beterskap vir julle.

Baie dankie aan ons fondsbestuurders, Bondstreet, vir die bekwame bestuur van ons kliënte se geld. Dit is belangrik vir ons om ons kliënte se portefeuljes ten minste een maal per jaar te hersien. Maak seker julle kan julle afsprake nakom.

‘n Baie geseënde Kersfees en voorspoedige 2010 (Suid-Afrika se groot jaar).

Baie groete

Van ons almal by Toni van Zyl Finansiële Dienste